

# Woensdag 5 Mei 2021

Skrifgedeelte: Jeremia 9:1-16

Fokusgedeelte: Jeremia 9:7

## **In genade suiwer die Here ons in die smeltkroes**

Jeremia skilder die werkswinkel van die silwersmid. Die erts wat silwer bevat het, is in die smeltkroes gesuiwer. As die temperatuur hoog genoeg was, het die erts gesmelt. Alles wat onsuiver was, het afgesak. Die suiwer silwer is so herwin. Jeremia skilder die toneel waarin die Here sy volk in die smeltkroes smelt en suiwer.

Watter onsuiverheid wys Jeremia uit? Eerstens die wanverhouding tussen volksgenote (Jer. 13:4–6, 8) en tweedens dat hulle die Here nie geken en erken het nie (Jer. 9:3, 6). Hulle het daardeur beide tafels van God se wet oortree (Jer. 9:13). Hulle het nie as sy volk volgens die Here se wil geleef nie. Ons behoort aan die Here, omdat ons duur gekoop is met die kosbare bloed van Christus (1 Pet. 1:19). As gelowiges moet ons lewenskwaliteit daarvan getuig dat ons aan die Here behoort.

Die smeltkroes het in Jeremia se tyd nodig geword omdat die volk onsuiver geleef het en omdat hulle die waarskuwings van die profete in die wind geslaan het. Die smeltkroes was die Here se laaste opsie (Jer. 9:7) om hulle te suiwer. Die smeltkroes is die Here se instrument van genade.

Juis omdat ek en jy sondaars is en bly, is ons vol onsuiverheid en onreinheid. Die Here, die Almagtige, gryp in genade in deur alles wat verkeerd in sy kerk en kind is, uit ons lewe te suiwer. Deur sy Gees verwyder die Here die onsuiverheid uit ons harte. Daarvoor gebruik Hy by uitstek die Woord, maar dan ook die smeltkroes - dikwels die Woord as smeltkroes. Deur die Woord en die verkondiging daarvan skei die Gees van die Here telkens die oorblyfsels van die ou sondelewe uit.

Die Here soek dit in ons wat suiwer en edel is. Dit is immers tot sy eer.

*Sing: Psalm 66-1:4, 7*

*Ds. JH Jordaan (Johan) (Emeritus)*